*Dinsdag* **4 Februarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 100**
**Fokusgedeelte: Psalm 100:3(a)**
**Kom, dien jou Koning met blydskap!**

Psalm 100 is baie gelowiges se lieflingspsalm. Dit vorm die hoogtepunt van dié groep psalms wat die koningskap van God besing. Daar is nie een hartseer noot in hierdie pragtige lied nie! Wanneer die tempel betree word, is hierdie woorde deur die tempelkoor gesing. Dit nooi die kinders van God uit om nader te kom, om die Here met blydskap te kom dien.

Hierdie blydskap leef om baie goeie redes in die harte van die volk. Eerstens word die oproep gemaak dat die Here as God bely moet word. Hy is die Skepper en die Eienaar van dié wat kom om te aanbid. Tweedens is Hy ook die Een wat hulle verlos, en so sy kudde geword het. Hy is in die derde plek ook die Herder, wat sy kudde bymekaar hou en lei. Vierdens is dit nie maar 'n tydelike toestand nie, dit is 'n langdurige en aaneenlopende verhouding wat van geslag tot geslag voortduur.

Daar moet 'n dankbare vreugde in die gelowige wees, 'n vreugde wat ons met afwagting vervul wanneer ons optrek om die Here te gaan dien. Daar is te dikwels 'n neerslagtigheid in die godsdiens van baie gelowiges. Die oorbeklemtoning van 'n ingetoë houding kom ten koste van 'n vreugdevolle uitlewing van die blydskap wat daar by die Here te vind is. Die tempeldiens van Israel het ook sy opgewonde tye van vreugde ingesluit.

'n Mens sou Psalm 100 moeilik met 'n droewige gesig kan sing. Die woorde laat dit net nie toe nie. Ons moet dit ook nie toelaat nie!

*Sing: Psalm 100-1:1-4*
*Ds. CB (Christo) Swanepoel (Lyttelton)*